

SABBATSKOOL  
BYBELSTUDIEGIDS  
VIR VOLWASSENES

# 2 DIE GESIN EN DIE LEWENSGANG



# Inhoudsopgawe

1	Die lewe – voorspelbaar én onverwags – (30 Maart tot 5 April)	112
2	Keuse en kettingreaksie – (6 tot 12 April)	120
3	Voorbereid op verandering – (13 tot 19 April)	136
4	In tye van eensaamheid – (20 tot 26 April)	144
5	Wyse woorde aan die gesin – (27 April tot 3 Mei)	152
6	'n Koninklike liefdeslied – (4 tot 10 Mei)	160
7	Die geheim tot gesinseenheid – (11 tot 17 Mei)	168
8	Die ouerskapsfase – (18 tot 24 Mei)	176
9	Tye van verlies – (25 tot 31 Mei)	184
10	Oomblikke van benoudheid – (1 tot 7 Junie)	192
11	Die gesin – 'n band van blywende geloof – (8 tot 14 Junie)	102
12	Wat het Hhille in jou huis gesien? – (15 tot 21 Junie)	200
13	Versoening net voor die voleinding – (22 tot 28 Junie)	208

## Redakteurskantoor

Rig skrywe in Engels aan:  
12501 Old Columbia Pike Silver  
Spring, MD 20904, U.S.A.

**Besoek gerus ons webwerf by:**  
<http://www.absg.adventist.org>

## Hoofbydraes:

Claudio and Pamela Consuegra

## Redakteur:

Clifford R. Goldstein

## Subredakteur:

Soraya Homayouni

## Publikasiebestuurder:

Lea Alexander Greve

## Redaksionele Assistent:

Sharon Thomas-Crews

## Pacific Press®-koördineerder:

Wendy Marcum

## Kuns en Ontwerp:

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2019 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (Tweede Kwartaal)*, mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publiserings daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. \*Sewendedag-Adventiste®, "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe)* word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die

algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofdraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

## Bybelaanhalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die tweede kwartaal 2019 uit die volgende Bybelvertalings aangehaal:  
**DB / LV:** Skriftoeanhalings gemerk DB en LV is onderskeidelik geneem uit *Die Boodskap* © 2002, en *Die Nuwe Lewende Vertaling* © 2006. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

**ABA, NAB en OAB:** Skriftoeanhalings gemerk ABA, NAB en OAB is onderskeidelik geneem uit *Die Bybel vir Almal* © 2007 en *Die Bybel in Afrikaans* © 1983 en 1992, en © 1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

## E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vry vertaal deur die vertaler.

# Die lewensgang



**D**ie son gaan onder en dag ses van die skeppingsweek kom tot 'n einde. In die voorafgaande vyf dae het God die voorwêreldse chaos geneem en dit in 'n plek van volmaakte skoonheid omskep. Duisternis is met lig vervang. Die waters het hul aangewese plekke gekry soos God dit bestem het. “Tot hiertoe mag jy kom, nie verder nie; hier is die grens van jou magtige golwe” (*Job 38:11, NAB*). Die saad in die droë grond het 'n ryke tapisserie van kleur en geur voortgebring. Allerhande voëls was in die lug, terwyl visse en watersoogdiere in hul nat tuistes rondgeswem het. Op land het uiteenlopende diere – 'n magdom verskillende spesies – gehardloop of gespring of aan boomtakke gehang, afhangende van hoe hulle geskape is. Uiteindelik skep God ook die mens, en boonop na sy beeld. Ons is uniek onder die lewende wesens van die skepping.

Op die drumpel van die eerste Sewendedag-sabbat op aarde aanskou God sy handewerk en sê dat dit “baie goed” is (*Gen. 1:31, OAB*). Wat 'n tragedie dat daardie volmaakte prentjie – mens en wêreld in ewewig en harmonie – toe aan skerwe gespat het. Stel jou die teendeel voor: Adam en Eva wat bly voortleef, ten aanskoue van hul kinders se kinders se kinders. Dit ken geen einde nie, met elke nuwe geslag wat die eerste paartjie, asook vir God, al meer een meer vreugde bring. Ongelukkig leef ons 'n sondige wêreld. Dit is al wat ons ken. Sulke volmaaktheid gaan die menslike verstand dus byna te bowe.

Neem in ag dat die mens se verstandelike ontwikkeling in 'n sondige wêreld plaasvind; een wat van die oorspronklike, sondelose skeppingswêreld verskil. In hoe 'n mate verskil die twee wêrelde van mekaar? Hemelsbreed. Ellen G. White omskryf die wêreld direk na die sondeval: “In die eerste verwelkende blom en vallende blaar” kon Adam en Eva “die

begin van die doodgaanproses aanskou. [Tog] was die paartjie se droefheid erger as dié van hul nasate wanneer hulle telkens ’n geliefde aan die dood moes afstaan. [Vir Adam en Eva was] die verwelking van die brose en delikate blommetjies inderdaad rede tot hartseer, en toe begin die wonderlike bome boonop al hul blare te verloor. Dit was ’n klinkklare bewys van die nare werklikheid, dat alle lewe vir die dood bestem is” (*Patriarchs and Prophets*, bl. 62). Sedertdien ontlok vallende boomblare nie dieselfde reaksies by ons nie. Hierdie sondige wêreld is al wat ons ken. Vir ons is lyding en die dood onafwendbare verskynsels, deel van die “normale” lewensloop.

Dit is dan ook waaroor dié kwartaal se lesse gaan: Die fasegebonde verloop van die lewe, soos dit in ’n sondige wêreld geskied. Daardie fases gaan ons binne die konteks van die gesin bekyk, ’n struktuur waarbinne die meeste van ons die lewenspaadjie loop.

Die gesinsband is juis die raamwerk waarbinne die mens in Eden geskape is – Eers kom die man en vrou, dan die kinders, en dan dié se kinders, ensovoorts. Dit is dan die verhaal van die mensdom, ons verlede en ons hede. ’n Mens sien dan ook dat baie van die oudste bybelverhale – soos dié oor Adam en Eva-hulle, die patriarge en die koningshuis van Dawid – almal sigself binne gesinsverband (en ook familieverband) afspeel. Om die waarheid te sê, dit is regdeur die Bybel so: Bybelgebeure ontvou, op een of ander manier, altyd binne die gesin. Dit is ook geensins verrassend nie. Ons beleef dit nou nog so. Soos ons reeds gesê het: Die gesin is dikwels die agtergrond waarteen die individu se lewensfases hulle afspeel. So baie faktore – hetsy uit die verlede of van die hede – het ’n nadelige uitwerking op die gesin (let byvoorbeeld op poligamie in Bybelse tye, ’n praktyk wat kwalik ’n stabiliserende uitwerking op die gesin gehad het). Ten spyte van dié negatiewe faktore asook eietydse pogings om die presies aard van die gesin te herdefinieer, is dit ’n blywende instelling. Dit is hoe dit hoort. Die gesin is waar ’n mens se lewensreis begin. Dit is ongelooflik deurslaggewend en het ’n impak ten goede of ten kwade. Dit gee beslag aan ’n mens se wese, en bepaal hoe jy op die uitdagings van die lewe gaan reageer terwyl jy van een lewensfase na die volgende beweeg.

Nietemin is gesinne soos individue – hulle verskil van mekaar. Derhalwe word dié kwartaal se lesse gekenmerk deur ’n soeke na Bybelse beginsels wat die gesinsband in elke lewensfase inniger en sterker kan maak. Dit is dan ook ons hoop en bede vir die bybelstudent.

*Claudio en Pamela Consuegra is die Noord-Amerikaanse Divisie se Gesinsbedieningskoördineerders. Hulle dien reeds meer as 30 jaar lank die kerk in verskeie kapasiteite.*